FEBA SOUTH AFRICA

FEBA Radio SA's Prayer Missionaries

# Together in Prayer

## August 2026

**Saterdag & Sondag 1-2 Augustus:** In Tsjad word vroue uit Moslemgemeenskappe, wat kies om Christus te volg, dikwels doodgemaak om te voorkom dat hulle kinders volgens die Christengeloof grootmaak. Nadat een jong vrou sonder heenkome gelaat is, het FEBA se plaaslike direkteur vir haar werk aangebied sodat sy die evangelie in Arabies kon uitsaai. Bid vir vroue in Moslemgemeenskappe, veral diegene wat Christus volg en diegene wat na Hom hunker, dat hul geloof deur FEBA se uitsendings versterk sal word en ander na die Here toe sal wys.

---

**Maandag 3 Augustus:** FEBA Tsjad se gebedprogram ontvang elke maand dosyne luisteraarreaksies. Baie gebedsversoeke behels gesondheid en werkloosheid, en daar is ook bemoedigende terugvoer van beantwoorde gebed! Bid vir die span agter die program en vra dat elke beantwoorde gebed meer mense sal inspireer om hul geloof in Christus te plaas.

**Dinsdag 4 Augustus:** FEBA Tsjad se gebedsprogram ontvang baie gebedsversoeke vir gesinskonflik, soos hierdie een: **"Ek wil hê julle moet vir my pa en ma bid. Daar is iets fout tussen hulle en Pa wil nie Ma se kos eet nie."** Bid dat God FEBA Tsjad se uitsendings sal gebruik om verhoudings te genees, sodat kinders die veiligheid van 'n vreedsame huis kan ken.

**Woensdag 5 Augustus:** *"Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê. Doen goed aan diegene wat julle haat. Seën die mense wat julle vervloek. Bid vir diegene wat julle sleg behandel"* (Lukas 6:27-28 Afr20). Bid dat God se vrede en krag in FEBA Tsjad se harte sal heers, sodat hulle vyandigheid met liefde kan teëwerk.

**Donderdag 6 Augustus:** Bid vir FEBA Tsjad se direkteur, Ayata, en sy span. Hulle het met baie uitdagings te kampe – van ekstreme weerstoestande tot openlike vyandigheid van volgelinge van ander gelowe. Bid vir Ayata en die span se fisieke en geestesgesondheid, vir geestelike krag, en vir vrymoedigheid om die evangelie met sagmoedigheid en respek te verkondig.

**Vrydag 7 Augustus:** Bid vir FEBA se spanne en luisteraars in die Sahel-streek. Stamkonflik in Soedan het geweld tot op die radiostasie se voorstoep gebring, terwyl jihadiste 'n voortslepende skrikbewind in Mali, Tsjad en Niger voer. Bid vir stabiliteit in die streek en vra vir ontvanklike harte onder FEBA se luisteraars, sodat die evangelie blywende verandering in die Sahel kan bring.

**Saterdag & Sondag 8-9 Augustus:** Hoewel mans en vroue baie ervarings deel, is daar sommige uitdagings wat net ander vroue kan verstaan. Dit is waarom die Skrif vroue aanspoor om mekaar te leer (Titus 2:3-5), en dis ook waarom FEBC vroueprogramme uitsaai wat handel oor die unieke ervaring van vroue in families, vriendskappe, die huwelik, moederskap en die werkplek. Programme word deur vroue vervaardig wat in dieselfde gemeenskappe as hul luisteraars woon en daarom begrip het vir hul omstandighede. Bid dat vroue deur FEBC se programme aangemoedig sal word om hul lewens in God se Woord te anker.

**Maandag 10 Augustus:** Het jy geweet dat sommige stamme in Afrika matrilineêr is, met eiendom wat van ma na dogters vererf? FEBA saai die evangelie uit na verskeie sulke mensegroepe, insluitend die Yao- en Chewa-mense van Malawi en die Tuareg-nomade van Niger. Bid dat elke uitsending luisteraars tot 'n dieper begrip van God se Woord sal bring.

**Dinsdag 11 Augustus:** Prys God vir die impak wat FEBC Kambodja se Comfort at Night-program maak. Een luisteraar sê: **"Ek luister na Comfort at Night, 'n vroueprogram wat my baie in my rol as vrou bemoedig het, en [my geleer het] om my kinders beter lief te hê en te versorg. Dit het ons geleer om na mekaar om te sien en wedersydse geduld te beoefen."**

**Woensdag 12 Augustus:** *"Wysheid beskerm jou soos geld beskerming bied. Maar die voordeel van kennis is dat wysheid die lewe van hom wat dit besit, beskerm"* (Prediker 7:12 NLV). Bid dat FEBA se jong luisteraars wysheid sal ontvang om God deur hul optrede te verheerlik en om die evangelie met hul vriende te deel.

**Donderdag 13 Augustus:** FEBA Mosambiek se jeug dissipelskapprogram het al baie tieners met probleme na Christus toe gelei, selfs voormalige bendelede. Die program sluit in besprekings oor kwessies soos dwelmverslawing, tienerswangerskappe en kinderhuwelike, maar fokus ook op positiewe onderwerpe soos leierskap en toekomsbeplanning. Bid dat FEBA Mosambiek se jong luisteraars getroue dissipels van Christus sal word.

**Vrydag 14 Augustus:** In Mei het swaar sneeuval groot skade aan FEBC Kirgisië se radiotoring in Issyk-Kul aangerig. En in Julie het die gebied abnormale swaar reën gekry wat oorstromings veroorsaak het en die pad na die toring verspoel het. Bid vir God se voorsiening sodat die toring herstel kan word en vra Hom om die storms in Kirgisië stil te maak.

**Saterdag & Sondag 15-16 Augustus:** In 'n land geskend deur oorlog, waar armoede en misbruik algemeen is, bring FEBC Kambodja se bediening stilweg hoop en genesing. Van evangelie-uitsendings en gesinseminare tot die uitdeel van sonkragligte en radio's in landelike gebiede, verkondig FEBC Kambodja nie bloot die evangelie nie, maar demonstreer dit ook. Loof God vir FEBC Kambodja se getroue bediening! Bid vir geleenthede om die evangelie te deel met diegene wat dit nog moet hoor en vir oop harte wat die Goeie Nuus sal aanvaar.

---

**Maandag 17 Augustus:** Bid vir die Mon-mense van Mianmar en Thailand. Daar is sowat 1.2 miljoen Mon, wat meestal in die berge 'n bestaan voer as rysboere, vakmanne en handelaars. Party beoefen 'n mengsel van Boeddhisme en geestesaanbidding, en ander animisme. Bid dat FEBC ELSEA se Mon-uitsendings baie mense tot redding sal bring.

**Dinsdag 18 Augustus:** In 2025 het FEBC Thailand 'n Christelike sangkompetisie van stapel gestuur. Een deelnemer het later gesê: **"Om op daardie verhoog te wees, het gevoel asof ek my lewe aan God teruggee. Ek was 'n 'vermiste legkaartstuk' wat uiteindelik 'n tuiste in God gevind het."** Bid dat vanjaar se kompetisie ook deelnemers nader aan die Here sal bring.

**Woensdag 19 Augustus:** *"Stel jy self in alles 'n voorbeeld deur goeie dade, onvervalste leer en waardigheid, gesonde en onaanvegbare prediking, sodat 'n teenstander beskaamd mag staan, en niks slegs het om oor ons te sê nie"* (Titus 2:7-8 Afr20). Bid dat FEBA se personeel en luisteraars waarlik heilige lewens sal lei.

**Donderdag 20 Augustus:** Bid vir Sumet, FEBC Thailand se direkteur, en sy span. Van Kersveldtogte tot die fasilitering van samewerking tussen kerke, werk hulle onverpoosd om die "Thailand 1-1-1" doelwit te bereik: 10 miljoen etniese Thai Christene, 10 000 kerke en 10 000 pastore in Thailand teen 2028! Bid dat FEBC Thailand se werk tot 'n groot oes sal lei.

**Vrydag 21 Augustus:** FEBC Thailand het vanjaar 'n nuwe program, KooChrist, begin stroom, waarin Christen getroude pare verskillende aspekte van die huwelik bespreek en vertel hoe hulle God as die middelpunt van hul verhouding hou. Binne die eerste 60 dae is die program byna 3 miljoen keer gekyk! Bid dat KooChrist paartjies sal aanspoor om hul verhoudings op God se Woord te bou.

**Saterdag & Sondag 22-23 Augustus:** Tsjetsjnië is 'n outonome republiek in die Russiese Federasie, met 'n bevolking van sowat 1.5 miljoen mense. Hoewel 'n klein minderheid (meestal Russe of Georgiërs) Christene is, is etniese Tsjetsjniërs gewoonlik Moslem en bekering tot Christenskap bring verskriklike gevolge mee. Christene is huiwerig om hul getuienisse te deel, selfs anoniem, wat evangelisasie besonder moeilik maak. Bid dat 'n deur vir FEBC Rusland sal oopgaan om die evangelie met die Tsjetsjniërs te deel en dat die evangelie Tsjetsjnië sal verander.

**Maandag 24 Augustus:** Die Rohingya-mense is in 1982 van hul burgerskap ontneem onder Mianmar se nuwe Burgerskapwet. Vandag is hulle die wêreld se grootste staatlose bevolking. FEBC ELSEA saai die evangelie uit na die Rohingya, wat oorwegend Moslem is en meestal in vlugtelingkampe woon. Bid dat Rohingya-luisteraars hul geloof in Christus sal plaas en hul plek in Sy koninkryk sal vind.

**Dinsdag 25 Augustus:** "Ek is dankbaar ek kan by die Cambodian Community Bible Insitute-klas aansluit. My begeerte is om God se Woord dieper te leer ken, my geloof te versterk en toegerus te word om die evangelie met ander te deel." Bid dat hierdie FEBC Kambodja-luisteraar en ander CCBI-studente wysheid en moed sal ontvang om God se Woord uit te leef.

**Woensdag 26 Augustus:** "'n Standvastige gesindheid sal U in volkome vrede bewaar, omdat daar op U vertrou word. Vertrou te alle tye op die Here, want die Here, die Here is 'n ewige rots" (Jesaja 26:3-4 Afr20). Bid dat FEBC Oekraïne hul gedagtes op die Here sal vestig en Sy vrede, wat alle omstandighede oortref, sal ontvang.

**Donderdag 27 Augustus:** Bid vir FEBC Internasionaal se uitvoerende komitee onder die leierskap van Ed Cannon. Buiten die leiding wat hulle aan die algehele organisasie bied, dien elke lid ook as 'n streeksdirekteur. Bid vir hul gesondheid en vir goeie werksverhoudings, sodat hulle eensgesind sal wees en God se wil in elke besluit sal soek.

**Vrydag 28 Augustus:** Leierskap bring baie uitdagings. In 'n internasionale bediening soos FEBC s'n, wat op die moeilikste bereikbare plekke fokus, kry elke span en direkteur met hul eie, unieke probleme te doen – natuurrampe, vyandige gemeenskappe, moeilike reisroetes en oorlog, om net 'n paar te noem. Bid dat FEBC se leiers hul spanne met wysheid en vrymoedigheid sal lei.

**Saterdag & Sondag 29-30 Augustus:** Vanjaar is uitsendings by sommige van FEBC se radiostasies in Oekraïne en Soedan opgeskort weens gewapende konflik. In Kirgisië moes twee stasies tydelik sluit as gevolg van ernstige weerskade. Die stasies in Soedan en Kirgisië bedien gemeenskappe wat andersins min of geen toegang tot die evangelie het, terwyl FEBC Oekraïne hoop uitsaai aan luisteraars wat tot breekpunt gedryf word deur die oorlog. Bid dat FEBC se stasies in Oekraïne, Soedan en Kirgisië binnekort weer sal kan begin uitsaai.

---

**Maandag 31 Augustus:** Bid vir luisteraars soos Alexandru, 'n tiener uit 'n Moslemgesin, wat FEBC Moldowa gekontak het omdat hy leeg en verlore gevoel het. Met die span se leiding bestudeer hy die afgelope tyd God se Woord in die geheim. Bid dat Alexandru, en ander soos hy, in geloof sal groei en deur hul getuienis blywende verandering in hul gesinne sal bring.




+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa